

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.
Spreuke 4:23

# Maandelikse Bybel Bespreking
## God in alles.

Vanaf Abraham en Sara se wag vir hulle beloofde kind, tot Jesus wat bloed gesweet het, is die Bybel gevul met gelowiges se geestelike reis en die emosies wat hulle ervaar het. Baie maal bied die skrywers en gelowiges vir ons 'n alternatiewe verstaan op emosie. So word vrees vele kere as 'n goeie emosie beskryf in ons verhouding met God; skuldgevoelens as 'n geleentheid om God se genade te verstaan; hartseer en vreugde as 'n oriënterings-punt om te onthou "waar ons hulp vandaan kom".

Wanneer Moses na die brandende bos kyk en vra na God se naam, antwoord die Here: Ek is. God is alles. Alles kom van God. Geloof kom van God. Emosies kom van God.

Die vraag waarvoor ons staan, is om ons emosies te verstaan vanuit ons geloof, en ons lewens daarvolgens te leef.

Kom ontdek hierdie balans oor die volgende maand saam ons gemeente en jou gesin.

Ek sien uit om in 2024 saam jou te reis om God se stem te hoor in jou lewe.

Seënwense,
Andrè



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Emosie en Geloof

Met elke Nuwe Jaar gaan meeste van ons deur ‘n spektrum van emosies. Soms neem ons afskeid van die vorige jaar met ‘n swaar hart; ander dae kan ons nie wag om die vorige jaar te groet en nuwe geleenthede aan te gryp nie. Soms is ons bevrees vir dit wat kan gebeur; om net daarna weer tevrede en geseënd te voel. Ons is gevul met verskeie sterk emosies wat ons probeer verstaan en baie maal koppel ons dit aan geloof. Gevoelens van hoop, angs, vreugde en dankbaarheid, bevryding of bekommernis... elkeen van ons emosies is geneig om ons te laat evalueer en vrae te vra.

Emosies het ‘n diep en direkte impak op ons lewens. ‘n Eenvoudige definisie van emosie is: ”'n Gevoel soos geluk, liefde, vrees, woede of haat, wat veroorsaak kan word deur die situasie waarin jy is of die mense saam met wie jy is.”

Matthew Richard Schlimm skryf: Ons voel emosies — soms op oorweldigende maniere. Dit veroorsaak fisiologiese reaksies binne ons, hetsy trane of glimlagte, 'n innerlike stremming of "die verligting van 'n vrag." Emosies raak ons liggame aan op diepgaande maniere. Emosies het ook ‘n invloed op ons verstand. Die gevoelens wat ons het, spruit uit oordele wat ons maak oor die wêreld rondom ons, of ons dit besef of nie. In hul kern behels emosies assesserings, tipies oor dinge wat vir ons baie saak maak en dinge wat ons nie ten volle kan beheer nie.

Die Bybel praat breedvoerig oor emosies en geloof. Dit beskryf die uiteenlopendheid van menslike ervarings in ‘n gebroke wêreld. Dit verduidelik hoe geloof ‘n beduidende impak kan hê op ons emosionele lewens. Die Ou- en Nuwe Testament gee hoop en perspektief dat die God wat ons dien, werklik verstaan en omgee in ‘n liefde wat ons soms sukkel om te omskryf.

In baie opsigte word ons Christelike emosionele lewens gevorm in reaksie op God se karakter. Ons voel vrede, vreugde, liefde en hoop uit die wete van God se genade, liefde en getrouheid. Ons het ook 'n gesonde gevoel van vrees vir God en weet dat Hy traag is om kwaad te word, vir ons beswil. Ons het ook 'n gepaste skuldgevoel oor ons versuim om God, ons naaste en onsself lief te hê.

Geloof en emosie loop hand-aan-hand. Ons emosies kan soms ons menslike natuur reflekteer, terwyl geloof die fondasie vorm waarbinne ons, ons emosies leef en evalueer.

Voorspoedige Nuwe jaar!
Andrè Harmzen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE

KOLWYNTJIE KAPERJOLLE
KERSSANGDIENS TERUGBLIK
RESEP VAN DIE MAAND
ONE WORD SERMON
SEVEN MILES
JANUARIE INSPIRASIE
KONTAK ONS



## Kolwyntjie Kapperjolle
## 21 Januarie 2024

Kom kuier saam

direk na ons eerste erediens.

Ons begin die jaar op 'n hoë noot!

Daar gaan heerlike vars gebakte Kolwyntjies wees.

Kom geniet ‘Kolwyntjie Kapperjolle’ saam met ons!

*‘Daar is niks wat ‘n kolwyntjie nie reg maak nie!’*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kerssangdiens 2023

## Gee ons vrede.


















SA GEMEENTE
SA CONGREGATION















merry christmas





























Ho Ho Ho!



"It's beginning to look a lot like Christmas......











“Christmas is most truly Christmas when we celebrate it by giving the light of love to those who need it most.” ~ Ruth Carter Stapleton





# SA GEMEENTE
## SA CONGREGATION








"Christmas day is a day of joy and charity. May God make you very rich in both."
~ Phillips Brooks



Heer, gebore vir ons!
Heer, gebore vir ons!



**Kerskaartjie 2023**

**Kunstenaar: Danel J van Rensburg**

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION











"Bless us Lord, this Christmas, with quietness of mind;
Teach us to be patient and always to be kind."
~ Helen Steiner Rice



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



## Isaiah 9:6

"For to us a child is born, to us a son is given."



Kom, alle getroues,
vrolik en vol vreugde,
o kom in die gees
nou na Betlehem!



# SA GEMEENTE
## SA CONGREGATION



"It's the most wonderful time of the year!"



**"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"**
**LUKAS 2:14**



'The wise men were packing, the angels were watching and the shepherds had no idea whose mother just walked past them. Everything was about to change- forever.



Stille nag, heilige nag!
Jesus-kind, lank verwag,
Lig uit Lig, uit die Vader se ryk,
word uit liefde aan mense gelyk.
Loof die hemelse Kind!
Loof die hemelse Kind!



Stille nag, heilige nag!
Hemelvors, ons gee ag
op die lied van die engelekoor.
Herders het dit die eerste gehoor:
Juig, die Redder is daar!
Juig, die Redder is daar!



Stille nag, heilige nag!
Jesus, Heer, voor u mag,
voor u ryk moet die duisternis swig;
tot in ewigheid bly U die lig –
Heer, gebore vir ons!
Heer, gebore vir ons!

# Resep van die Maand

## Ouma Adri se Soetkoekies

| | |
|---|---|
| 8 kop Koekmeel<br>500 g Margarine / Botter<br>6 t Bakpoeier<br>4 kop Suiker / Strooisuiker<br>5 eiers | Sout na smaak<br>1 eetl Naeltjies<br>1 eetl Kaneel<br>2½ Eetl Gemmer |

Metode :

- Klits botter en suiker baie goed saam
- Voeg eiers by en meng
- Gooi droë bestanddele by en knie soos brood
- Indien droog – gooi bietjie water by
- Rol uit – nie te dun – en smeer eier-en-melk oor
- Bak 15min by 180 / 350

Ps. Ons los die deeg oornag in die yskas – dit help om die suiker te laat smelt – en ons gebruik verskillende koekiedrukkers vir variasie



*Baie dankie Elna Vermaak vir die deel van jou staatmaker resep!*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# One-word-sermon

As TV networks around the world cycled between the various New Year's Eve fireworks shows and Millenial celebrations on 1999, one in particular stood out: Sydney, Australia. The famous Sydney Harbour Bridge was emblazoned with the word "Eternity" in illustrious copperplate script that looked hand-written — except it was the size of a giant bridge, of course. For many Christians, the word was a happy reminder of God's wonderful promises in Christ. For many others, it was a curious sight — especially if the viewer didn't happen to believe in eternity or Heaven or Hell. People began asking about it, and the story got out.

An illiterate alcoholic heard a sermon in the 1940s and was powerfully saved. He was subsequently cured of his alcoholism as he grew in his personal relationship with Christ. One day, he heard a sermon in which the preacher shouted the word "Eternity!" and exclaimed that he wished all of Sydney could hear the word and contemplate where they would be spending eternity. The preacher described it as a one-word-sermon: "Eternity!"

At that moment, a lightning bolt of revelation struck Arthur Stace's heart. He found some chalk, walked outside, and in beautiful flowing script wrote "Eternity" — even though he had never learned to read or write. He could never explain how he managed to write it, but for the next 35 years he wandered through the streets of Sydney in the nights and early mornings and wrote the word wherever he could — sidewalks, subway walls, buildings, etc. One newspaper estimated that he would go on to write his one-word sermon 500,000 times. The city took notice and newspapers searched for the mysterious "Mr. Eternity," as they called him. For years, no one could discover his identity or photograph him, and he never stepped forward. Finally, in 1956, a reverend caught him writing the word and obtained his name. Only four photographs were taken of him in 35 years. He was very elusive.

For him, it was his simple way of getting people's minds focused on spiritual matters so that, hopefully, they would think about their eternal destiny and eventually come to faith in Christ.

It became such a part of Sydney's lore in the 1900s that in 1999, the city honored Arthur Stace by replicating his handwriting in enormous letters across the city's most famous bridge. Cameras focused in on that word during the fireworks show, and millions of viewers around the world saw the simple Gospel message of a reformed, illiterate Christian man. One word was all he had to offer to God, but — like Jesus multiplying the boy's few loaves of bread — God multiplied Arthur's efforts far beyond anything he could have imagined. His one-word-sermon was preached not just to Sydney, but to millions upon millions of people around the world as the New Millenium began.

How's that for going viral? And all he had was a piece of chalk!

Allow this story to remind you that God's mercies are "new every morning," as it says in Lamentations 3:23.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Seven miles for me

Leaving a store, I returned to my car only to find that I'd locked my keys and cell phone inside. A teenager riding his bike saw me kick a tire and say a few choice words.

"What's wrong?" he asked. I explained my situation. "But even if I could call my wife," I said, "she can't bring me her car key, since this is our only car."

He handed me his cell phone. "Call your wife and tell her I'm coming to get your key."
"That's seven miles round trip." "Don't worry about it," he said.

An hour later, he returned with my key.

I offered him some money, but he refused. "Let's just say I needed the exercise," he said.

Then, like a cowboy in the movies, he rode off into the sunset.

*Mag jy in 2024 bewus wees van ander mense se nood,*
*en vir hulle daardie ekstra myl stap.*




(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • JANUARIE 2024

# SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

7 JANUARIE EREDIENS 10 UUR

14 JANUARIE HUISKERK 9 UUR

21 JANUARIE EREDIENS 10 UUR

28 JANUARIE HUISKERK 9 UUR

## Januarie Inspirasie

Mag jy altyd werk vir jou hande hê..
Mag jou beursie altyd 'n muntstuk bevat..
Mag jy 'n huis hê met 'n venster waardeur die son skyn..
Mag daar altyd 'n reënboog ná jou reënbui wees..
Mag die hand van jou vriend nooit te veel wees nie..
Mag God jou oë oopmaak vir jou naaste se nood..
Mag Sy Blydskap altyd jou hart vul!

## Bid saam:

*Here,*
*Help my asseblief om deur vandag,*
*met 'n glimlag op my gesig,*
*liefde in my hart,*
*vreugde in U genade*
*en 'n huppel in my stap te kom.*
*Amen*

## Aanhaling vir Januarie

Faith is not an emotion, it's a decision to stand on God's word.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com